| | | |
|---|---|---|
| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Oktober 2020** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardoplees** |

*Uitvindsels in die huis*

Die gebruik om klere te was nadat dit net een dag gedra is, is letterlik nuut.

Huisvroue van vorige eeue het dit nie maklik gehad nie. Eers moes hulle self al die gesin se wasgoed met die hand was. Voordat die huishoudelike wasmasjien alles kom verander het, het hierdie soort wassery baie swoeg en sweet geverg. Eeue lank is vuil klere in poele en riviere skoongeskrop. Waar daar geen waterstrome of kuile in die nabyheid was nie, is die wasgoed in balies van hout of koper en later in gietyster ingebondel en met ’n lang houtstamper rondgeskommel.

Meganiese wastoestelle het in die 1800’s hulle verskyning in huise begin maak. Een van die vroegste soorte is deur die Amerikaanse vervaardiger, Hamilton Smith, in 1858 ontwerp. Dit het bestaan uit ’n vertikale houtdrom vir die klere en ’n houtstamper wat met ’n handsilinder gedraai is. Verskeie verbeterings het mettertyd gevolg, soos gasbranders wat onder die masjien aangebring is om die water warm te maak.

Die koms van die elektriese wasmasjien in die vroeë 1900’s het ’n totale omwenteling teweeggebring. Die eerste van die masjiene is in 1906 deur Alfa Fisher van Amerika gepatenteer. Hierdie kragaangedrewe wasmasjiene het egter weer elektriese skokke uitgedeel. Die vroeë elektriese wasmasjiene se enjins was onbedek onderaan die balie, wat hoogs gevaarlik was, want enige water wat daarop gedrup het, kon die gebruiker ’n elektriese skok laat kry.

Veiliger en doeltreffender wasmasjiene is in die loop van die 1930’s en na die Tweede Wêreldoorlog vervaardig.

*(Verwerk van: www.mieliestronk.com)*

**Rubriek**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Lees met gevoel en stembuiging: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Volume, uitspraak en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Oktober 2020** |
|---|---|---|
| **Vraestel 1** | **Afdeling B** | **Luister en praat** |

Gedeelte uit: *Ons wêreld is glad nie so sleg*

**Jan Venter, Bloemfontein**
Terwyl ons ingeperk sit en die doemprofete ons oorlaai met stories oor die koronavirus wat onbeheers op hol is, en oor die aarde wat ineenstort weens besoedeling, oorbenutting en oorbevolking, kom Johan Basson tevore met ’n lesing: “*Word jou wêreldbeeld deur feite gevorm?”* As hoofbron van sy lesing gebruik hy Hans Rosling se gewilde boek *Factfulness: Ten Reasons We’re Wrong About the World.*

Hierdie boek was in 2018 die *Sunday Times* se topverkoper. Dit het toe reeds in 24 tale verskyn. Daarin word onder meer tien redes verstrek waarom ons verkeerd is en redes waarom dit ’n veel beter plek is as wat ons dink.

Alhoewel die wêreldbevolking teen 2075 reeds die 11 miljard-kerf mag bereik, word voorspel dat geboortes wêreldwyd sal afplat tot twee kinders per gesin, gedeeltelik weens die verhoogde lewensverwagting.

Op korter termyn het Rosling egter meer as twee jaar gelede gewaarsku teen ’n wêreldwye pandemie. Hy het terselfdertyd gewaarsku oor finansiële ineenstorting, klimaatsverandering en uiterste armoede.

Luisterteks

1 Luister na paragraaf 1. Verskaf EEN manier hoe besoedeling tot ons nadeel kan strek. (1)

2 Luister na paragraaf 1. Verskaf EEN rede waarom jy sou sê dat oorbevolking tot die mens se nadeel kan strek. (1)

3 Waarom sou jy sê dat *oorbeweiding* tot nadeel van die dier is? (1)

4 Luister na paragraaf 3. Wat verstaan jy onder “*Factfulness* was die topverkoper van die *Sunday Times”?* (1)

5 Waarom sou jy sê Rosling was reg toe hy voorspel het dat daar ’n wêreldwye pandemie sou uitbreek? (1)

**Bespreek EEN van die onderstaande.**

Die nadele wat die COVID-19-pandemie vir die samelewing inhou.
Die nadele wat die inperkingsgrendel vir die samelewing ingehou het.

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, feite en temagebonde: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid, uitspraak en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Oktober 2020** |
| **Vraestel 2** | **Afdeling A** | **Leesbegrip** |

**1 Biografie:** Fanie Viljoen

*Fanie Viljoen is 'n skrywer van 'n verskeidenheid jeugverhale, radiodramas en bangmaakstories. Terwyl jy nou hier sit en lees, is hy moontlik besig om te werk aan 'n blitsverkoper wat Steven Spielberg in 'n fliek kan omtower…*

Fanie Viljoen het in Welkom grootgeword. Hy het in 1987 gematrikuleer aan die Hoërskool Goudveld. Daarna het hy vir twee jaar diensplig gedoen. Hy skilder en skryf voltyds.

Die skryfgogga het op skool al gebyt, maar vir 'n paar jaar na skool het hy niks geskryf nie. Dit was eers vanaf 1998 dat hy weer begin skryf het.

In 1999 kom 'n paar skryfsuksesse terwyl hy in die Kaap woon. Sy eerste kortverhaal word in *Sarie* gepubliseer en hy word aangewys as 'n finalis in De Kat / Human & Rousseau se kort-kortverhaalkompetisie.

In 2000 trek hy Bloemfontein toe en nog kortverhale word gepubliseer. Een van sy radiodramas, *Die Losprys*, word ook in daardie jaar bekroon met die tweede plek in Sanlam/RSG se radiodramakompetisie vir beginners.

In 2002 word nog 'n radiodrama, *Oupa Rooijan kry 'n girlfriend,* op RSG uitgesaai. Aan die einde van 2002 word *Agter geslote deure*, ook 'n radiodrama, bekroon met die tweede plek in Sanlam/RSG se radiodramakompetisie vir ervare skrywers.

Sy eerste boek, *Slym,* word in 2004 by Lapa Uitgewers gepubliseer. Dit vertel die verhaal van die eerste wurm wat in 'n paddakonsert optree.

1.1 Verskaf slegs EEN rede waarom die bostaande teks 'n voorbeeld van 'n biografie is. (1)

1.2 Reken jy Fanie Viljoen is 'n hardwerkende persoon? Verskaf 'n rede vir jou antwoord. (1)

**Totaal: 2** **/2**

2 **Filmresensie:** *Tintin* laat 'n mens se bloed tintel

As jy avontuurlustig is, is hierdie animasiefilm net vir jou.

Hengse maagdraai-avonture wag op see, ons helde vlug in dor woestyne en sukkel om tussen werklikhede te kies, beleef lewensgevaarlike voorvalle in saai voorkamers en worstel met 'n vliegtuigie wat bollemakiesie slaan in 'n titaniese storm.

Jy beleef dit alles aan die sy van Tintin en sy brak, Snowy.

Die rolprent is gegrond op drie van die strokiesboeke van die Belgiese strokieskepper, Herge. Tintin moet 'n raaisel oor 'n verlore skat ter see uitrafel en ontmoet sy vriend, Captain Haddock, die eerste keer.

Spielberg het amper drie dekades gewag om die fliek te maak. Hy het die regte reeds in 1983 ná die dood van Herge bekom en het Tintin toe reeds as "'n soort Indiana Jones vir kinders" beskryf.

Spielberg het nou eenmaal nie brieke nie en hy dryf 'n storie so ver as wat hy kan. Jou verbeelding kry opnuut helium en dalk die belangrikste, jy voel deurgaans soos die driemanskap se makker.

Nee kyk, dit is 'n fliek vir almal: van oupa en ouma tot kleinsus en swaer.

2.1 Skryf die sin neer wat daarop dui dat hierdie fliek nie 'n ouderdomsbeperking het nie, maar deur almal gekyk kan word. (1)

2.2 Skryf die idiomatiese uitdrukking in hierdie resensie neer en verduidelik wat die resensent vir die leser hierdeur wil sê. (2)

2.3 Hoe weet ons dat die karakters in hierdie fliek nie lewende karakters is nie? (1)

2.4 Tot watter genre hoort hierdie fliek? (1)

**Totaal: 5** **/5**

**3** **Advertensie:** Stad ryk aan besienswaardighede

**Die kasteel**
**Tafelberg**
**Robbeneiland**
**Die Waterfront**
**Vele wynplase met ’n ryk geskiedenis**

**MAAK JOU VAKANSIE ’N FEES!!**

| | |
|---|---|
| **Kontak:** | **Inligtingsburo** |
| **Adres:** | **Adderleystraat 214** |
| **Telefoonnommer:** | **021 457 3308** |
| **Webtuiste:** | **inligting@kaap.co.za** |

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Word ’n produk, ’n aangeleentheid, ’n diens of besienswaardighede in die bostaande advertensie geadverteer? Motiveer. | (2) |
| 3.2 | Wie is die teikenmark vir die bostaande advertensie? | (1) |
| 3.3 | Voorsien die bostaande advertensie van ’n gepaste logo. | (1) |
| 3.4 | Reken jy dat die slagspreuk treffend is? Verskaf ’n rede vir jou antwoord. | (1) |

**Totaal: 5** **/5**

**4 Die e-pos:** Die e-posbrief

13 Maart 2020

Liewe Anna

Ek veronderstel jy het die nuus gelees oor die geweldige aardbewing in Japan. Ek het by my neef in Suid-Japan kom woon en ek sal hier bly tot die situasie tuis in Tokio verbeter. Voorlopig sal ek hierdie jaar die skool hier bywoon. Alhoewel ek bly was om ver van die episentrum af weg te kom, mis ek my gesin en maats by die internasionale hoërskool wat ek bywoon.

Ek geniet dit hier by my neef. Hy is ook 11 jaar oud en ons is albei in graad 7. My neef woon gelukkig naby die sentrale park waar ons net kan ronddrentel ná die skooldag. Ons moet net sorg dat ons om 15:00 by die huis is, aangesien ons nog ons huiswerk moet doen.

Dinsdae en Donderdae kan ons nie park toe gaan nie, aangesien ons albei rugby speel en die oefeninge op hierdie betrokke dae moet bywoon.

Jou vriend
Karel

4.1 Wanneer is hierdie e-pos geskryf? (1)

4.2 Reken jy dat die gebeure in die bostaande e-pos geloofwaardig is? Motiveer. (1)

4.3 Aan wie word hierdie e-pos gerig? (1)

**Totaal: 3** **/3**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Oktober 2020** |
| **Vraestel 2** | **Afdeling B** | **Taal** |

*Smaak verskil*

1 Ina, ’n vyftienjarige skoolmeisie, eet insekte. Sy is versot daarop, selfs op die ou lelikes.

2 “Ek het sowat ’n jaar gelede daarmee begin,” sê sy.

3 Ina was nooit skrikkerig vir insekte nie. Sy eet gewoonlik die kleiner goggatjies, maar het ook al sprinkane en duisendpote aangedurf. Sy braai hulle nie eers nie – sommer so lewend sluk sy hulle in. Soms kou sy darem die gogga.

4 Sy eet so elke tweede dag ’n paar insekte. Volgens haar is die klein, swart goggatjies wat sy in die skool se tuin kry, baie smaaklik. En moenie praat van die lekker soet nasmaak van daardie swart torre nie! Dit bly nog haar geliefkoosde gereg.

5 Wanneer sy eendag die eienares van ’n groot restaurant is, gaan sy sorg dat insekte as ’n gereg op haar spyskaart verskyn.

**1 Skryf die eerste sin van paragraaf 3 oor in die toekomende tyd.** (1)
**2 Skryf die samestelling in paragraaf 1 neer.** (1)
**3 Gee die betekenis vir die onderstreepte idiomatiese uitdrukking in paragraaf 1.** (1)
**4 Skryf die onderstreepte sin in reëls 8 en 9 oor in die ontkennende vorm.** (1)
**5 Maak ’n sin met die basiswoord van die onderstreepte woord in reël 13.** (1)
**6 Skryf die voorwerp in die eerste sin van paragraaf 4 neer.** (1)
**7 Skryf die onderstreepte sin in reëls 6 en 7 oor in die lydende vorm.** (1)
**8 Skryf die bywoordelike sinsnede in paragraaf 4 neer.** (1)
**9 Skryf die onderstaande sin oor in die indirekte rede.**
*Ina sê: “As ’n kat net naby my kom, raak ek heeltemal histeries.”* (1)

**10 Gee die verboë vorm van die onderstreepte byvoeglike naamwoord in die onderstaande sin.**
*Ina eet die dood insekte smaaklik.* (1)

**11 Skryf die saamgestelde sin in paragraaf 4 neer.** (1)
**12 Gee die intensiewe vorm van die byvoeglike naamwoord vir die onderstreepte woord in reël 2.** (1)
**13 Gee die sinoniem vir die onderstreepte woord in reël 3.** (1)
**14 Skryf EEN byvoeglike naamwoord in reël 10 neer.** (1)
**15 Skryf die voegwoord in reël 12 neer.** (1)

**Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Oktober 2020**

**Vraestel 2** | **Afdeling C** | **Letterkunde**

**1 Gedig:** Ou oom

"Ou oom sit in die skadu van
die selonsroosboom,
met sy hande slap op sy knieë
die môre en verdroom.
Met sy brilglas opgestoot onder
die witslip van sy haar.
Op sy voorkop dor en tenger,
fyn blou-pers beaar;
En ek wonder waarvan droom hy
as hy so in stilte sit,
met sy oë toegeknip,
nes hy maak as hy wil bid.

Ou oom dut in die koelte van
die huis se skadukant,
waar die rooi selonsroos staan
en die kanferfoelie rank;
Ou oom sit in die koelte,
ek speel in die son;
Ek wens dat hy kon saamspeel,
want hy sou as hy maar kon;
Maar hy rus in die leunstoel
wat op en af kan ry-
En wat help al die drome
van dae lank verby?"

*W.E.G. Louw*

1.1 Skryf die metafoor in die eerste 4 versreëls van strofe 1 neer. (1)

1.2 Lees die onderstaande versreëls. Wat verstaan jy onder die laaste 2 versreëls?

*"Met sy hande slap op sy knieë*
*die môre en verdroom,*
*met sy brilglas opgestoot onder*
*die witslip van sy haar."* (1)

1.3 Watter effek verkry ons deur versreëls 9 en 10 stadig te lees en die woorde "op" en "af" te beklemtoon? (1)

1.4 Dui in strofe 2 aan waar ons die enjambement aantref. (1)

**Totaal: 4** **/4**

**2** **Die drama:** Gedeelte uit: _Die twee vriende_

*Donkie staan op stal. Die laaste strale van die son skyn deur die klein venstertjie van die stal. Verder is die stal redelik donker. Hy hoor 'n geritsel agter 'n lusernbaal. Hy wonder wie dit kan wees. Hy is so bang dit is sy baas wat hom weer as pakdier kom haal. Hy het regtig nie meer die krag om swaar vragte te dra nie. Daarvoor is hy al te oud.*

Donkie: *(in 'n vrolike stem)* A! Uiteindelik het iemand vir my kom kuier. Kom nader. Jy is welkom in my stal.

*(Kat verskyn van agter die lusernbaal en kom stadig nader.)*

Kat : *(Miaau! Miaau!)* Ek kom jou net waarsku.
Donkie: *(verbaas, maar tog bang)* Waarteen kom jy my waarsku?
Kat: Nie waarteen nie, maar teen wie.
Donkie: *(nuuskierig)* Wie sal my tog wil seermaak? Ek is dan so vredeliewend.
Kat: *(Verbaas dat Donkie nie eintlik rêrig bang is nie)* Dis Perd. Hy beskou jou as 'n bedreiging. Hy is jaloers op jou.
Donkie: *(nou eers nuuskierig)* Hoekom sou Perd nou op my jaloers wees? Boer het hom dan so lief. As Boer veld toe gaan, neem hy altyd vir Perd saam. Hy sê altyd dat ek te stadig is. Ek is net goed genoeg as pakdier. Vandat Perd op die plaas aangekom het, is ek mos nou niks meer nie.
Kat: Wel, Perd hou nie van die idee dat al die diere so lief is vir jou nie.

*(Perdehoewe kom nader. Vir die eerste keer is Donkie bang. Die volgende oomblik storm Perd by die stal in en …*)

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Beskryf die <u>ruimte</u> van die bostaande drama. | (1) |
| 2.2 | Skryf die <u>toneelaanwysing</u> neer wat daarop dui dat Donkie graag wou weet waarom Perd jaloers was op hom. | (1)<br>(1) |
| 2.3 | Teen watter tyd van die dag speel hierdie drama af? | (1) |
| 2.4 | Noem EEN van die <u>hoofkarakters</u> in hierdie drama. | (1) |
| 2.5 | Waar reken jy het die drama sy <u>klimaks</u> bereik? | (1) |

**Totaal: 6** **/6**

**GROOTTOTAAL: 10** **/10**

| | | |
|---|---|---|
| **<u>Graad 7</u>** | **<u>Afrikaans Huistaal</u>** | **<u>Oktober 2020</u>** |
| **<u>Vraestel 3</u>** | | **<u>Skryf</u>** |

**1.1 Skryf 'n <u>verhalende</u> opstel van 150-200 woorde oor die onderstaande onderwerp.**

Die brullende leeu wat my bestorm.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud en onderwerpgebonde: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Inleidende- en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, woordorde, idiome en spel: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en skryfstyl: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**OF**

**1.2 Skryf 'n <u>beskrywende</u> opstel van 150-200 woorde oor EEN van die onderstaande onderwerpe.**

Die ou oom wat onder die boom sit.
Die onwelkome gas.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud en onderwerpgebonde: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywing en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, woordorde, idiome en spel: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en skryfstyl: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**2.1 Skryf 'n <u>brief</u> van 120-140 woorde aan jou maat. Vertel hom / haar meer van die aardbewing wat julle dorp getref het.**

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Onderwerpgebonde en formaat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, woordorde en spel: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**OF**

**2.2 Jy verkeer 'n week alleen op 'n eiland. Skryf <u>dagboekinskrywings</u> waarin jy elke dag se gebeure opteken.**

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Taalgebruik, spel en formaat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Chronologiese opeenvolging van gebeure: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**

**Memorandum**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

1 Besoedelde lug is ongesond om in te asem en kan tot longsiektes lei. **(enige verdere aanvaarbare antwoord)** (1)
2 Oorbevolking kan tot armoede en hongersnood lei. **(enige verdere aanvaarbare antwoord)** (1)
3 Oorbeweiding kan die oorsaak wees dat die vee se toestand tot so 'n mate mag versleg, dat die boer nie goeie pryse vir sy vee sal kry nie. **(enige verdere aanvaarbare antwoord)** (1)
4 Dit was die boek wat in 2018 die meeste verkoop het. (1)
5 Baie mense doen deesdae die koronavirus wêreldwyd op wat siektes en selfs die dood tot gevolg het. (1)

**Totaal: 5**

**Vraestel 2** **Afdeling A** **Leesbegrip**

**1 Biografie:** Fanie Viljoen

1.1 Die ware, volledige verhaal van Fanie Viljoen word hier vertel. /
'n Ware weergawe word gegee van sy geboorteplek, die skool waar hy gematrikuleer het, en die vele boeke wat hy geskryf het. /
'n Beskrywing van die mylpale wat hy bereik het, word gegee. /
Hier word van die derde persoon gepraat. **(slegs EEN antwoord is aanvaarbaar)** (1)
1.2 Ja. Hy het verskeie radiodramas en kortverhale geskryf. **(enige verdere aanvaarbare antwoord)** (1)

**2 Filmresensie:** *Tintin* laat 'n mens se bloed tintel

2.1 Nee kyk, hierdie fliek is vir almal: van oupa en ouma tot kleinsus en swaer. (1)
2.2.1 Spielberg het nou eenmaal nie brieke nie.
2.2.2 Spielberg maak verskeie rolprente waar hy die verbeelding en belangstelling van die mens tot die uiterste toe prikkel. (2)
2.3 Aangesien dit 'n animasiefilm is. (1)
2.4 Dit hoort tot avontuurverhale. (1)

**Memorandum**

**Vraestel 2** **Afdeling A** **Leesbegrip**

**3 Advertensie:** Stad ryk aan besienswaardighede

3.1.1 Besienswaardighede.
3.1.2 Die kasteel, Tafelberg, Robbeneiland, die Waterfront en vele wynplase wat besoek kan word, word hier geadverteer. (2)
3.2 Vakansiegangers. (1)
3.3 Voorsien die advertensie van 'n logo wat verband hou met die geadverteerde besienswaardighede / slegs een besienswaardigheid. (1)
3.4 Dit is treffend. Dit moet wonderlik wees om soveel plekke te kan besoek. / Dit kan soos 'n fees voel om sorgeloos soveel plekke te kan besoek. **(enige verdere aanvaarbare antwoord)** (1)

**4 Die e-pos:** Die e-posbrief

4.1 13 Maart 2020. (1)
4.2 Ja. 'n Aardbewing kan Japan tref. **(enige verdere aanvaarbare antwoord wat met die werklikheid verband hou)** (1)
4.3 Aan Anna. (1)

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

1 Ina sal nooit skrikkerig vir insekte wees nie. (1)
2 Skoolmeisie. (1)
3 Sy is versot daarop – Sy hou baie daarvan. (1)
4 Volgens haar is die klein, swart goggatjies, wat sy in die skool se tuin kry, geensins smaaklik nie. /
Volgens haar is die klein, swart goggatjies, wat sy in die skool se tuin kry, nie baie smaaklik nie. (1)
5 Die son skyn buite. **(enige verdere aanvaarbare antwoord)** (1)
6 'n Paar insekte. (1)
7 Soms word die gogga darem (deur haar) gekou. (1)
8 Wat sy in die skool se tuin kry. (1)
9 Ina sê dat as 'n kat net naby haar kom, sy heeltemal histeries raak. (1)
10 Ina eet die dooie insekte smaaklik. (1)
11 Volgens haar is die klein, swart goggatjies, wat sy in die skool se tuin kry, baie smaaklik. (1)
12 Sy is versot daarop, selfs op die ou skreeulelikes. (1)
13 omtrent. (1)
14 soet / swart **(slegs EEN)** (1)
15 wanneer. (1)

**Totaal: 15**

**Memorandum**

**Vraestel 2** **Afdeling C** **Letterkunde**

**1 Gedig:** "Ou oom"

1.1 Verdroom. (1)
1.2 Sy grys hare bedek die ore van sy bril. (1)
1.3 Die effek van rustigheid / beweging / 'n rustige beweging. (1)

1.4 Ou oom dut in die koelte
Van die huis se skadukant,

Maar hy rus in die leunstoel
Wat op en af kan ry –

En wat help al die drome
Van dae lank verby. **(slegs EEN)** (1)

**2 Die drama:** Gedeelte uit *Die twee vriende*

2.1 In die stal. (1)
2.2 Nuuskierig. (1)
2.3 Teen skemer. (1)
2.4 Donkie / Kat (1)
2.5 Toe Perd by die stal instorm. (1)

**Totaal: 10**

## Naslaanbronne

### Hardoplees

Uitvindsels in die huis.
*Verwerk van: www.mieliestronk.com*
*Piekfyn: Afrikaans Huistaal*
*Rina Lamprecht, Minda Groenewald, Nelmari Smit*
*NB-Uitgewers, 'n Afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Beperk, 2009*

### Luister en praat

Gedeelte uit: "Ons wêreld is glad nie so sleg nie"
*Die Volksblad, 5 Augustus 2020*

### Lees met begrip

Biografie van Fanie Viljoen
*Almal Verstaan Afrikaans*
*R. Ferreira, M. van den Heever*
*Macmillan Suid-Afrika (Edms.) Beperk, 2012*

Filmresensie: "*TINTIN" laat 'n mens se bloed tintel*
*Verwerk uit: Beeld*
*Piekfyn: Afrikaans Huistaal*
*Rina Lamprecht, Minda Groenewald, Nelmari Smit*
*NB-Uitgewers, 'n Afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Beperk, 2009*

Die e-posbrief
*Gepubliseer deur die Departement van Basiese Onderwys, 2011*

### Taalstrukture en -konvensies

Smaak verskil
*Afrikaans My Taal*
*P.F. de Klerk, J.J. van L. Sadie*
*Maskew Miller Longman (Edms.) Beperk, 1975*

### Letterkunde

**Gedig**: Ou Oom
*Versamelde gedigte, W.E.G. Louw.* *Tafelberg-uitgewers Beperk, 1973*

**Drama:** Gedeelte uit *Die twee vriende*
*Platinum Afrikaans Huistaal*
*J. Biesenbach, A. Engelbrecht, C. Henning, I. Hofmeyr, A. le Roux, W. Louw,*
*M. Mihai, J. van Lill, R. van Oort, R. van Rooy*
*Maskew Miller Longman (Edms.) Beperk, 2012*